VERJAARSDAE 29 JUNIE TOT 5 JULIE 2008

06/29	CARLA JANSSEN	DF MALANLN 7	25Aa
06/30	NELLIE NEL	LANGEBRINKWEG 55	17Aa
06/30	FRANS ACKERMAN	HANS STRIJDOMLN 40.	21Aa
06/30	SHEREEN BARNARD	WITELSSTR 1.	26Aa
07/01	HENDRIK BRIEDENHANN	MOLTENOWEG 2	08Aa
07/01	HERMANN MEIER	SMUTSLN 124	13Ab
07/02	JOHAN NEL	HANS STRIJDOMLN 51	18Aa
07/03	MINÉT UYS	SMUTSLN 120	13Ab
07/03	ELTHEA HUMAN	HANS STRIJDOMLN 93A	18Aa
07/04	ROCHELLE BOTHMA	DE LA REYWEG 16	22Aa
07/04	BEN BOOYSEN	VAN RIEBEECKLN 142	15Ab
07/05	MARCEL VELDSMAN	DF MALANLN 33	25Ab
07/05	WILLIE STEARS	AZALEA WS 3	04Ab

HUWELIKHERDENKINGS : 29 JUNIE TOT 5 JULIE 2008

SONDAG, 29 JUNIE		
JOHAN EN KITTA BOTHMA	HANS STRIJDOMLN 85A	18Aa
MAANDAG, 30 JUNIE		
BEN EN RIA MAREE	FITZPATRICKWEG 21	10Aa
DINSDAG, 1 JULIE		
HERMANN EN MARIE MEIER	SMUTSLN 124	13Ab
DONDERDAG, 3 JULIE		
JACO EN ELMA MYBURGH	STRELITZIA WS 16	04Ab
DAN EN GERDA JACKSON	HANS STRIJDOMLN 82	18Ab

SPESIALE GELUKWENSE

Hartlik geluk aan Johan en Kitta Bothma met die herdenking van 53 huweliksjare saam. Mag die Here u seën op u huwelikspad in die jare wat kom.

KERKRAADFOTO 1983 (25-jarige bestaan)

Lettie Leach het 'n foto van die Kerkraad van 1983 wat sy graag aan iemand wil skenk. Skakel haar by (012) 664-3163.

NAMAKWALAND, BLOMME, WESKUS EN BOLAND-BELEWENIS

NATANJA TOERE

27 Augustus - 3 September 2008

Kontak: Retha Wessels: 082 772 0955 / (012) 664-2303

Luukse busvervoer, uitstappies, goeie akkommodasie ingesluit.

8 dae. 7 nagte

Prys: R4990 (slegs 28 persone)

Ned Geref Gemeente Lyttelton-Oos

FAMILIENUUS

Sondag, 29 Junie 2008

Hartlik welkom in die erediens vanoggend

Webtuiste: www.lytteltonoos.org.za | Blog: www.lytteltonoos.org.za/blog

SONDAG, 29 JUNIE
09:00 Erediens: Ds Antoinette Wilson

SONDAG, 6 JULIE
Deurkollekte Noodlenigingsfonds
09:00 Erediens: Ds Odie Odendaal

SONDAG, 13 JULIE
09:00 Erediens: Ds Freddie Schoeman

MAANDAG, 14 JULIE
SKOLE HEROPEN
19:00 Droomspanbyeenkoms

WOENSDAG, 16 JULIE
17:00 Biduur
Inbetaling Diakonie

DONDERDAG, 17 JULIE
09:00 Bybelstudie Senior Lidmate

SONDAG, 20 JULIE
09:00 Erediens:
09:00 Kindereredienste
19:00 Aanddiens—13th Floor optrede

WOENSDAG, 23 JULIE
17:00 Biduur

DONDERDAG, 24 JULIE
09:00 Bybelstudie Senior Lidmate

GEEN AANDDIENSTE TYDENS LANGNAWEKE EN SKOOLVAKANSIES

BAIE GELUK ...

Baie geluk aan ds Freddie en Alma Schoeman met die huwelik van Eben du Toit en Aldi. Ons bid hulle die Here se seën toe op hul huwelik.

NUWE INTREKKERS

Ons wil graag nuwe intrekkers ontmoet. Kom ons kry mekaar voor die kansel net na die diens vanoggend verby is.

VOORBIDDING

1. Willie en Theresa Smith, Hans Strijdomlaan 235 met Theresa wat tuis aansterk. (Wyk 05Ab).
2. Kobus en Elize Badenhorst, Van Riebeeckln 285 met Kobus se broer Johan wat nog ernstig siek is (Wyk 03Ac).
3. Darryl en Dolly Pienaar, Tulip Park 29 (met Darryl wat 'n heup- vervanging gehad het (Wyk 26Aa).
4. Bets Redelinghuys, Ridgewood 33 (wat 2 Julie opgeneem word in Unitas Hospitaal vir operasie dieselfde dag (Wyk 26Aa).
5. Adolf Crafford, Hans Strijdomlaan 182 van wie beide niere verwyder is en wag op 'n nieroorplanting (Wyk 09Aa).

C-KRUIS/13th FLOOR

C-Kruis / 13th Floor bestaande uit ongeveer 45 jongmense besoek die Gemeente 20 tot 27 Julie 2008.

Hiermee 'n versoek dat potensiële gasteouers asook diegene wat kan help met voedselvoorbereiding, bediening en verskaffing asook donasies kan gee, beskikbaarheid bevestig en besonderhede asb op 'n naamlys beskikbaar na die erediens kan aandui.

By voorbaat dank vir u ondersteuning.

Jeugkommissie.

OMGEEBEDIENING

Het jy ‘n hart vir mense in nood—vir mense wat in die hospitaal is, herstel ná ‘n operasie of andersins onder moeilike omstandighede verkeer? Dan is jy ideaal geskik vir ‘n nuwe bediening wat onder leiding van die Diakonie op die been gebring word.

Die doel van die bediening is om Jesus se hande en voete te wees vir mense wat ‘n bietjie hulp en onder steuning nodig het.

As jy voel dat die Here jou lei om hierby betrokke te raak, skakel Johan de Beer (082 468 6562) of Freddie Schoeman (084 581 8139).

PARKNAVAL : KOEKTAFEL

Die koektafel se dames vra graag bestanddele vir die Parknaval se koektafel. Ons benodig die volgende:

Koekmeel; Margarien (**Stork** asseblief);
Eiers; Olie; Suiker; Versiersuiker;
Karamel kondensmelk; “Crushed” pynappel (blikkies)

En **BAIE HANDE** om te help met bak van koeke, terte, piesangbrode, dadelbrode, ensovoorts. Vele hande maak ligte werk!

As u bereid is om te help bak, skakel:

Alet Venter:	012 664 3282/073 354 4947
Ria Briedenhann:	012 644 0663/084 685 0810
Tina Janssen:	012 664 0426

U kan bydraes afgee by die koektafel Sondae.

NOOIT TE LAAT!!

Dit is nooit te laat om dankie te sê!!

Die Kerkraad het met sy vergadering op 18 Junie weereens hul dank uitgespreek teenoor almal wat behulpsaam was met verversings. Dit sluit ook kerkraadslede in (wat seker met die hulp van hul gades) eetgoed verskaf het.

Hulle was dit eens dat die tee/koffie en verversings die hoogtepunt van die aand is! Wat meer is, Johan Bauer het as feesviering vir die 50 jaar van die gemeente **GROOT** bekers met **GROOT** letters “NG Kerk Lyttelton-Oos Kerkraad 50 jaar” daarop geskryf aan die kerkraad geskenk. Hulle kry nou vir die prys van een sommer twee koppies tee of koffie!!

FEESBUNDEL 2008 PEILING

Dit word beplan dat die drukwerk aan die **begin van Julie** gedoen sal word. Dit is daarom dringend noodsaaklik dat ons voor dan ons getalle moet weet.

Om te verseker dat ons genoeg feesbundels laat druk en nie later te min het, of met ‘n oorskot sit nie, word u vriendelik versoek om die die beskikbare vorm in die banke voltooi indien u belangstel.

Baie dankie aan almal wat reeds gereageer het. Die voltooide vorm kan in die kollektebordjie geplaas word.

VERJAARSDAGFUNKSIE : GEMEENTE-ETE

VRYDAG 8 AUGUSTUS 2008

Daar sal weer ’n uithaler ete voorgesit word — van voorgereg tot nagereg en sjerrie! Dit alles vir net R50.00 per persoon. Dit beloof om waarde vir u geld te wees!

U kan hierdie ete nie misloop nie!. Hou dus die datum oop in u dagboek vir hierdie geleentheid. Die spyskaart en kaartjies sal na die skoolvakansie beskikbaar wees. Meer besonderhede volg later.

Die voorstel was ook dat moeders een kaartjie vir twee kinders kan koop en dit dan self kan verdeel. Hierdie vergunning is om ouers met klein kindertjies ook die kinders kan saambring.

BAIE DANKIE ...

Baie dankie aan ELKEEN wat op een of ander manier ’n bydrae tot ons Feesbundel gemaak het. Ons glo dat dit vir elkeen ‘n eiesoortige probleem was van wat om te skryf!

Dit is natuurlik ’n groot voorreg om prof Landman te hê wat die inisiatief geneem het met hierdie bundel en die ure se nasien van die bydraes.

Die grootste dank gaan aan ons Hemelse Vader wat dit vir elkeen moontlik gemaak het om aan die versoek te voldoen.